

# Myns insiens ... beplan jou herfsmaande

deur dr Wayne Truter, departement plantproduksie en grondkunde, Universiteit van Pretoria

Weidingsbestuur is 'n filosofie. Jy kan resepte hê, maar enige bestuur op 'n plaas is omgewingspesifiek. Dit beteken jy moet jou aksies aanpas binne 'n filosofiese raamwerk. As 'n mens na die situasie in die land kyk, is dit moeilik om reëls neer te lê wat oral geld. Kom ons aanvaar dus dat elke boer op grond van sy eie situasie hierdie riglyne sal aanpas.

## Veld

Februarie is die warmste tyd van die jaar en veral subtropiese grasspesies begin van nou af in groei en gehalte af te neem. Teen die eerste ryp raak hierdie spesies heeltemal dormant tot die temperatuur en daglengtes in die lente weer begin toeneem.

Die grondliggende beginsel is dat, as 'n mens vinnige herstel ná die winter wil hê, moet 'n mens seker maak dat die veld nie in die herfs oorbenut word nie. As plante in die herfs onder druk geplaas word, verswak die plant en het dit geen reserwes om weer vinnig in die lente produktief te raak nie.

Van Maart tot Mei (of tot en met die eerste ryp) is dus 'n kritieke tyd. Dan moet 'n mens baie minder druk op die veld plaas deur veebelading te verminder.

## “Oorbenuite veld neem baie langer om te herstel en kan ernstige druk op die boer se voervloeibeplanning plaas”

Die kwessie van rus is nie eenvoudig nie. Daar is 'n baie doeltreffende stelsel waarvan boere 'n deel van die plaas vir 'n volle groeiseisoen laat rus. Dit is uitstekend, maar moet die betrokke kamp eintlik eerder goed bewei word en eers die jaar daarna laat rus word. Die bepalende faktor is die gehalte van die veld en ook die soort veld, dit wil sê suurveld of soetveld.

Dit kan wees dat, veral met soetveld, die veld vir meer as een groeiseisoen moet rus om te herstel. Hoe dit ook al sy, dit is baie beter om onderbenutte veld te hê as oorbenuite veld. Oorbenuite veld neem baie langer om te herstel en kan ernstige druk op die boer se voervloeibeplanning plaas.

Brand is die volgende kwessie wat aangespreek moet word. Brand is in effek 'n intensiewe verwydering van plantmateriaal, meer so as druk beweiding. As 'n mens te vroeg brand, in die herfs as die gras droog genoeg is, en die veld loop nie genoeg uit voor winter nie, gebruik dit wortelreserwes om hergroei te bewerkstellig. Dit put die reserwes wat die gras nodig het om ná die winter vinnig te herstel, uit.

Dit is dus belangrik om in die tyd te brand wanneer die veld reeds dormant is, of om te brand op 'n tyd dat die gras nog ses

weke of wat het om blare uit te stoot en reserwes in die wortels op te bou vir lentegroei vóór die eerste ryp. Goeie wortelgroei vóór die eerste ryp is jou versekeringspolis teen 'n moeilike lente.

## Aangeplante weidings

Hoewel dieselfde beginsels vir aangeplante weidings geld, is dit ook heel anders as veldweidings, omdat aangeplante weidings tot 'n baie groter mate gemanipuleer kan word. 'n Mens het gewoonlik met net een spesie te doen met 'n bekende weidingswaarde, en wat gemanipuleer kan word deur bemesting en/of besproeiing.

Aangeplante weidings is noodsaaklik in 'n voervloeistelsel wat op natuurlike veld geskoei is, omdat 'n mens tydens kritieke tye die natuurlike veld kan ondersteun. Aangeplante weidings van subtropiese spesies volg dieselfde groeikurwes en siklusse as natuurlike veld. Daarteenoor komplementeer gematigde spesies soos raaigras en selfs hawer juis hierdie siklusse. Die insaai van gematigde spesies in dormante stande van subtropiese spesies, is dus uiters doeltreffend om voervloei te versterk en doeltreffend te bestuur.

## Staande hooi

Die geheim van doeltreffende staande hooi lê veral op drie vlakke: onttrekking van beweiding of hooimaak lank voor die eerste ryp, sodat die plante kans het om uit te groei (ses weke); doeltreffende bemesting tydens hierdie uitgroei periode; en die regte spesie wat ondanks die rustende veld steeds goeie weidingsgehalte behou.

## Kwartaalbeplanning

Kyk ons na beplanning vir die volgende paar maande, is die volgende stappe vir my die belangrikste:

- Verminder veebeladings betyds op veldweidings.
- Maak seker dat die veld voldoende ruskans kry – elke kamp minstens 'n volle groeiseisoen elke drie tot vier jaar.
- Sny betyds hooi op aangeplante weidings, sodat daar minstens ses weke groeityd oor is voor die eerste ryp.
- Bemes jou aangeplante weidings strategies, sodat jy goeie gehalte staande hooi gedurende die winter het.
- Oorweeg die insaai van gematigde spesies in subtropiese grasse om groenvoer tydens die laat winter en vroeë lente te hê, veral as addisionele grond nie vir toegewyde winter weidings beskikbaar is nie.

Vir meer inligting, skakel Wayne Truter by 083 470 3964 of e-pos [wayne.truter@up.ac.za](mailto:wayne.truter@up.ac.za) 